

Liefdegawes

Onder die diens: Barmhartighheidsfonds – om hulp te verleen aan lidmate van die Gereformeerde Kerk Randburg (GKR) wat in finansiële nood verkeer.

By die deure: Cheshire Homes - vir die finansiële ondersteuning van Cheshire Homes.

Gedagte vir die week

“Die Here moet geprys word, want Hy het na my smeekgebed geluister. Die Here is my krag en my skild; op Hom vertrou my hart. Ja, ek het hulp ontvang en my hart jubel, met my lied wil ek Hom prys.”

Psalm 28:6-7 (2020-vertaling)

Dankie

Dankie aan al die **diensgroepvrywilligers** wat by die eredienste help – met blomme, koffiemaak, koekies bring, klank en beeld, groet, taalversorging en meeleeffasilitering. Baie dankie aan **JP van der Merwe** wat die orrelbegeleiding vanaand waarneem.

Nuwe intrekkers en besoekers

Baie welkom by die GKR. Voltooi gerus die welkomblaadje in die voorportaal as jy meer wil weet of by ons wil inskakel. Gooi dit in die “Gesels met ons”-posbus in die voorportaal.

’n Spesiale **welkom aan die Unika Voortrekkers** wat ook vandag die erediens (en laerskoolkids-diens) bywoon.

Amptelik

Ds. Stephanu is met **verlof** tot 11 Oktober 2026.

Ds. Charl is met **verlof** 14 – 28 Oktober 2026.

Hiermee ontvang **Heidi en William Pringle ontslag** uit die amp as Diaken: Wyksleier. Baie dankie vir jul getroue dienswerk.

Laerskoolkids-diens

Alle laerskoolkinders word uitgenooi na die spesiale diens DV **Sondag 11 Oktober** tydens die oggenderediens in Teofilus. Bring asseblief ’n skryfding ook saam. Maats welkom.

Hoërskoolkatkisasie: opening en ouervergadering

Neem asseblief kennis dat die **opening vir hoërskoolkatkisasie** Sondagaand ná die diens sal plaasvind. Daar sal ook ’n kort **vergadering met die ouers** wees om die kwartaal se beplanning en die opkomende kamp te bespreek. Ons hoop om al die hoërskoolleerders en hul ouers daar te sien.

Kom ons gesels verder oor die vrou-in-die-diens (VinD)

Volgens die besluit van die kerkraad word alle lidmate **uitgenooi om verder te gesels** oor die besluit *dat vroue wat oor die gawes beskik, soos mans tot al die dienste in 'n gemeente geroep en bevestig kan word*. Die gespreksgeleentheid is **Dinsdag 13 Oktober om 19:00 in Teofilus**. Om sinvol oor die saak te gesels word vriendelik versoek dat die gesprek hoofsaaklik gevoer word oor die kerkraad se Skriftuurlike verstaan van die VinD, soos gedokumenteer in die verslag wat na alle lidmate gestuur is (3 September 2026). Dit beteken nie dat ander relevante Skrifgedeeltes en argumente nie ook deel van die gesprek kan wees nie. Mag ons almal hierdeur beleef dat ons deur medegelowiges in ons gemeente gehoor word. Ons sien daarna uit om saam hieroor vrede voor die Here te kry.

Verjaarsdae

Sondag 11 Oktober			
Mia Basson (4)	066 251 2578 (Ria)	064 651 8131 (Hennie)	ST 05
Nicky Bredenhann	073 701 4027		WS 06
Rejean Ferreira	076 174 5906		ST 13
Idolette Kotzé	084 511 2156		SO 04
Francois Prinsloo	076 475 1621		ST 08
Maandag 12 Oktober			
Ebies Ebersohn (73)	082 808 2352		WA 10
Dinsdag 13 Oktober			
Clariece Ras	072 291 4865		ST 05
Magda Turner	082 805 8199		ST 08
Charmaine van der Merwe	083 282 2020		NO 18
Charl van Rooy	082 377 5912		NO 17
Woensdag 14 Oktober			
Ria Basson	066 251 2578		ST 05
Gerrit Eloff	084 777 6665		Oorsee
Daniel Harmse	071 623 5142		NO 02
Rikus Lotriet	066 219 0950		WS 05
Nadine Wait	073 952 5196		ST 02
Donderdag 15 Oktober			
Tenielle Bouwer	073 227 0976		SO 07
Rizanne du Preez	083 462 2601		SO 11
Jean Lombard	073 188 1772		ST 07
Christiaan Mostert (3)	073 918 2552 (Cindy)	082 337 3819 (Philip)	NO 04
Vrydag 16 Oktober			
Lourens Erasmus (91)	063 840 2349		WA 03
Saterdag 17 Oktober			
Hilmer Backer	082 528 6597		ST 08
Jonita de Villiers (79)	083 273 5336		WA 01

Ons leef met mekaar mee

Wimpie Jansen van Vuuren het Donderdagaand verhuis na sy hemelse woonplek in die Vaderhuis. Mag die Here vir René (083 593 0539), Tenielle (073 227 0976) en Jenna troos.

Janny Engler (083 646 8890) se **broer, Hans Oostenbrink**, is ons Woensdagoggend vooruit na ons Hemelse Vader. Ons bid vir troos vir die familie.

Anna-Mart Steyn (082 785 8540) se **moeder, Fien van der Watt**, het ons op die ouderdom van 87 vooruit gegaan. Mag die Here die familie vertroos.

Evert van Helden (083 325 3882) ondergaan dié week 'n mediese prosedure aan sy hart. Ons bid vir spoedige herstel.

Dini Redgard (082 925 9227) se operasie was 'n sukses en sy sterk tuis aan. Ons dank aan die Here.

Ons help mekaar

Ons wil graag die **noodhulptoerusting** by die kerk moderniseer. Ons sal 'n volledige noodhulptas byderhand hê en wil ook 'n area skep waar iemand kan lê, indien nodig. Kontak asb. vir Morkel Johl (082 498 7070) as jy dalk 'n **enkelbed, matras of noodhulptoerusting** wil skenk.

Dankfees – Potjiekos-ete – Koop jou kaartjie

Ons **potjiekoskompetisie** is een van die hoogtepunte van ons Dankfees. Verskillende tipes potjies word gemaak en dan kry ons die geleentheid om almal saam aan tafel te sit en die verskillende potjies te geniet.

Kom geniet die potjiekos-ete saam met ons op **Saterdag 24 Oktober om 12:00**.

Koop asseblief nou jou etekaartjie, want dit help ons om vooraf te weet hoeveel mense saam gaan eet en om seker te maak daar is genoeg kos vir almal.

 **Kaartjies is in die voorportaal beskikbaar** teen R30 elk (voorskoolse kinders R10).

As jy in die week kaartjies wil koop, kontak die kerkkantoor gerus. Jy hoef nie tot Sondag te wag nie. Kom sit saam aan tafel – ons sien daarna uit om saam te eet en saam te kuier.

Hulp met skenkings

Om die Dankfees moontlik te maak, vra ons graag die gemeente se **hulp met skenkings**.

Ons benodig onder meer:

Maalvleis

Groente (kerrieblikkies)

Suiker

Kaneel

Stampmielies

Rys

Vir die kinderaktiwiteite **benodig ons ook koekies of kolwyntjies** wat die kinders kan versier. **Papierborde** sal ook baie welkom wees

Ons benodig verder **pryse vir die potjiekoskompetisie**.

Enige bydrae, groot of klein, sal baie waardeur word en help om van die Dankfees 'n besondere dag van saamwees, saamkuier en dankbaarheid te maak.

Skenkings kan in die voorportaal gelos word teen Sondag 17 Oktober.

Rig enige navrae asseblief aan Willy Harris by 083 704 9438.

Kom kuier saam

Saamkuier ná die aanddiens

Baie dankie aan die Bybelstudiegroep van Marlene Joubert wat vanaand **boereworsrolle** bedien. R30 per persoon om onkoste te dek, wat kontant, of met Zapper betaal kan word.

LofPrysSing

Dis ons laaste amptelike geleentheid vir die jaar om ons Here te loof en prys. Kom sing en kuier saam. Ons loof ons Here by die spesiale geleentheid op **28 Oktober 2026**.

Om 18:30: Koffie en kuier. Om 19:00: Lofprysing. Vir meer inligting kontak Corné by 084 580 8883.

Inligtingsessie vir nuwe lidmate 31 Oktober | 09:00 – 12:00

Wil jy graag meer van ons gemeente uitvind? Dan is hierdie oggend spesiaal vir jou. Alle **nuwe lidmate** word hartlik uitgenooi na ons **inligtingsessie vir nuwe lidmate**. Ons gesels saam oor waaroor die GKR gaan en wat alles binne ons gemeente gebeur en geniet dan ook 'n ligte middagete. Kom ontdek watter Bybelstudie- en diensgroepe daar is waarby jy kan inskakel, en kry sommer die geleentheid om ander lidmate beter te leer ken. Ons nooi ook spesifiek die **lidmate wat vanaf GK Noordrand** na GKR oorgeskuif het.

En natuurlik is ons **“ou” lidmate ook baie welkom**. Kom kuier saam en help om ons nuwe lidmate tuis te laat voel. Laat weet asseblief vir Lizette van Wyk by 083 626 0603 indien jy dit wil bywoon. Ons sien uit daarna om saam met jou te kuier en jou nog beter te leer ken.

Hoërskoolkamp 2026 | Mount Komati

Ons nooi al ons hoërskoolkinders om saam by Mount Komati te kamp. Ons gaan drie nagte hier tuisgaan en van daar af verskillende aktiwiteite aanpak. Kinders kan deelneem aan stap, visvang, perdry en swem. Natuurlik sal daar ook genoeg tyd wees vir lekker saamkuier, geloofsgesprekke en sommer net om die mooi omgewing te geniet. **4 tot 7 Desember**

2026. Mount Komati, (www.num-num.co.za) Koste: R1 500 pp (ingesluit: Verblyf, etes en aktiwiteite). Vervoerreëlings sal nog bevestig word. Plek is beperk, skryf dus gerus so gou moontlik in deur die QR-kode te skandeer. Verdere besonderhede, die volledige program en paklys sal nader aan die tyd aan geregistreerde kampgangers gestuur word.



Dankfees 2026 – saam aan tafel

Saterdag 24 Oktober is dit tyd vir ons Dankfees – en vanjaar doen ons dit saam aan tafel.

Ons nooi die hele gemeente – jonk en oud – om saam te kom, saam te eet, saam te kuier en saam dankbaar te wees vir God se goedheid. Elkeen het 'n plek aan die tafel. Ons tafel is groter hoe meer van ons kom.

Die hoogtepunt – ons potjiekos-ete

Die potjiekos-ete is die hart van ons Dankfees. Verskillende potjies word voorberei en almal word genooi om saam aan tafel van die verskillende potjies te geniet.

Kaartjies vir die Dankfees-ete is te koop, teen R30 elk vir grootmense en R10 elk vir voorskoolse kinders. Maak seker jy kry jou kaartjies en kom geniet 'n heerlike ete in goeie geselskap.

Nog baie om te geniet

Daar sal lekker musiek wees om die dag se feestelike atmosfeer te versterk. Van **10:00 tot 12:00** kan jy ook heerlike **soet en sout pannekoeke** geniet. Daar sal verder **uitstallers** wees met 'n verskeidenheid items en lekkernye te koop – kom kuier, snuffel rond en ondersteun hulle.

Pret vir die kinders vanaf 10:00

Ons jonger feesgangers kan uitsien na 'n waterglybaan, springkasteel, treintjie, gesigverf, kolwyntjieversiering, kunsaktiwiteite, 'n kunsuitstalling en waterspeletjies.

Tieners – julle is ook deel van die fees

Daar is ook 'n spesiale ruimte waar tieners kan ontspan en kuier, met tafeltennis, 'n potspeltafel, speletjies en lekker musiek.

Bring die hele gesin en kom vier die Dankfees saam met ons.

Saterdag 24 Oktober – saam aan tafel, saam aan die kuier, saam dankbaar.

Ons gemeente se bankrekening-inligting.

Maandelikse dankoffers: <i>Gereformeerde Kerk Randburg; Absa;</i> <i>Takkode: 632 005; Tjekrekeningnr.: 170340000.</i> Verwysing: <i>Jou lidmaatkode/-nommer + van</i>	Diakonale dankoffers: <i>GKR Barmhartigheidsdiensfonds; Absa;</i> <i>Tjekrekeningnr.: 4082000901.</i>
Snapscan QR-kode:  Zapper QR-kode: 	Snapscan QR-kode:  Zapper QR-kode: 

As jy nie weet wat jou lidmaatsnommer is nie, kontak die skriba (skriba@gkrandburg.org.za) of die kerkkantoor (kantoor@gkrandburg.org.za).



**GEREFORMEERDE
KERK
RANDBURG**

www.gkrandburg.org.za

Dankie, Home Connect, vir gratis Wi-Fi vir uitsendings.

www.home-connect.co.za

Ds. Charl van Rooy	082 377 5912	charl@gkrandburg.org.za
Ds. Joop van Schaik	082 776 7188	joop@gkrandburg.org.za
Ds. Stephanu de Villiers	076 943 1333	stephanu@gkrandburg.org.za
Koster: Morkel Johl	083 629 7470	koster@gkrandburg.org.za
Kerkkantoor: Karina Voogt	082 404 8478	kantoor@gkrandburg.org.za
Orrelis: Anneliese Marshall	082 524 6414	marshall.anneliese@gmail.com
Rekenmeester: Herman Venter	082 457 3897	finansies@gkrandburg.org.za
Kerkraadskriba: Gert Lindeque	083 283 1180	Skriba@gkrandburg.org.za
Emerituspredikante:	Ds. Koos Saayman (082 338 8150)	
	Ds. Nico Botha (083 629 8740)	
	Ds. Frederik Dreyer (082 873 6634)	
	Ds. Chris Coetsee (072 728 6425)	